

Dagstuk

Skriflesing: Joh. 10: 1 – 4, 14, 27

“Dit verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower. 2. Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; 3. vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. 4. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. 14. “Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, 27. My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.

Ons reeks oor die afgelope weke het gehandel oor hoe ons God se stem hoor – op verskillende maniere. Daar is egter ook baie ander (negatiewe) stemme in ons wêreld. Hoe weet ek dan nou wanneer is dit: **God se stem**, die duivel se stem, 'n ateïs se stem, 'n dwaalleraar se stem, die stem van my eie dwaalsiek hart?

Vandag dink ons kortliks oor die rol van satan (die duivel) in ons lewe. **Die Bybel gebruik verskeie beelde om van die satan te praat as: 'n Slang** (volgens Genesis), 'n slang (Openb.12), 'n draak (Openb. 13), 'n seemonster (Psalm 74, 89 en Jes.51), 'n seekoei (Job 40), 'n brullende leeu (1 Petr.5), bese geeste in die lug (Efes.6).

Riglyne vir gelowiges en hulle kinders: Ons moenie bang wees vir Satan nie. MAAR: Wees waaksaam! sê Petrus! 'n Mens kan twee soorte foute maak in jou denke oor die duivel: Of jy kan satan geringskat, asof hy geen mag het nie, en dan dink dat jy immuun is teen sy versoekings, omdat jy so 'n sterk Christen is. Of jy kan te veel aan die duivel dink, en te veel mag aan hom gee. Onthou: Satan is reeds deur Christus verslaan, maar nog nie vernietig nie. Onthou ook: Satan sal nie na ons toe kom in die vorm van 'n oorgrote vlermuis met benerige vlerke, terwyl hy sis soos 'n slang nie. **Die Satan is a-somaties (dus sonder 'n liggaam). Die duivel is 'n bonatuurlike geestelike mag.**

Dit is baie min dat hy enige uiterlike manifestasie sal aanneem. Intendeel hy kom na ons toe deur suggesties, uitlokkende voorstelle, ons gedagtes en ons gewaarwordings.

Dis belangrik om te weet dat **juis gelowiges met 'n ernstige strewe om naby aan die Here te leef, dikwels deur die duivel versoek sal word**, soos satan immers met Jesus ook gedoen het. Die subtiele versoekings het meestal daarmee te make om God se goeie bedoelings met mense in 'n slegte lig te stel. Dink maar net aan die slang se woorde aan Eva: “Is dit so dat God gesê het...” en weer, “nee, God weet...” (Gaan lees dit gerus weer in jou eie Bybel).

Wanneer die duivel met 'n gelowige besig is, sal hy/sy heelyd 'n vae onrustigheid na binne hê. Daarteenoor nooi ons jou om net weer die Skrifgedeelte van vandag te lees, en sien dan raak: tussen die Herder en die skape is daar 'n intieme band. **Die stem van die Here bring vertroue, en vrede en vertroosting.**

Formuleer gerus nou vir jou 'n gebed, nie oor die duivel nie, maar iets oor die HERDER en sy skapie (JY). Het jy al raakgesien dat Hy jou by jou naam ken... en roep om Hom te volg? **Miskien wil jy net ook weer dink oor wat jou DOOP vir jou beteken?**

**SUIDER-PAARL
GEMEENTE**

*Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...*